



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

WISKUNDIGE GELETTERDHEID V2

NOVEMBER 2024

PUNTE: 100

TYD: 2 uur



Testpapers.co.za


INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae. Beantwoord AL die vrae.
2. Gebruik die aangehegte BYLAAG vir VRAAG 2.1.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat gebruik is in hierdie vraestel.
5. Jy mag 'n goedgekeurde sakrekenaar (nieprogrammeerbaar en niegrafies) gebruik, tensy anders aangedui.
6. Toon ALLE bewerkings duidelik.
7. Rond ALLE finale antwoorde toepaslik volgens die gegewe konteks af, tensy anders vermeld.
8. Dui meeteenhede aan, waar van toepassing.
9. Diagramme is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE, tensy anders vermeld.
10. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

1.1

Die volgende meetinstrumente word hieronder gegee:




Gebruik die meetinstrumente hiebo om die vrae wat volg te beantwoord.

- 1.1.1 (a) Identifiseer die instrument wat **A** gemerk is. (2)
- (b) Definieer die konsep *temperatuur*. (2)
- (c) Skryf die temperatuur, by die swart lyn op die instrument gemerk A, in °C. (2)
- 1.1.2 Herlei die volume van die vloeistof getoon in houer **B** na liters. (2)
- 1.1.3 Bereken, in mm die afstand tussen die twee pyltjies op die liniaal in diagram C. (3)

1.2

Lelo sal vanaf Johannesburg na Durban reis vir die vakansie. Sy sal die kaart hieronder gebruik om haar roete te beplan.

KAART VAN DIE ROETE VANAF JOHANNESBURG NA DURBAN



Gebruik die kaart hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 1.2.1 Identifiseer die tipe kaart hierbo. (2)
- 1.2.2 Bereken die werklike afstand tussen Johannesburg en Villiers, in meter. (2)
- 1.2.3 Noem die dorp wat 166 km van Durban af is. (2)
- 1.2.4 Skryf die totale hoeveelheid dorpe neer wat Lelo verby moet gaan, op die N3, oppad Durban toe. (2)

[19]

VRAAG 2

2.1

Die BYLAAG toon die uitlegplan van Thuto Sekondêre Skool.

Behalwe vir die klaskamers en ander geboue, het die skool twee wetenskaplaboratoriums (Sci 1 and Sci 2) en 'n vierkant wat die opelug spasie is vir byeenkomste.

Gebruik die BYLAAG en die inligting hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

2.1.1 Identifiseer die kamer wat tussen die personeelkamer en die snoepie is. (2)

2.1.2 Gebruik die kompasrigting om te bepaal aan watter kant van die skoolsaal die deure geleë is. (2)

2.1.3 Die twee musiekklasskamers is alleenstaande klaskamers.

(a) Skryf die aantal klaskamers neer. (2)

(b) Beskryf die posisie van die musiekklasskamers in verhouding tot die strate, soos in hierdie uitlegplan getoon. (3)

2.1.4 'n Leerder volg die volgende roete om by sy klaskamer uit te kom:

- Vanaf die hoof kantoor loop hy in 'n suidelike rigting.
- Hy draai regs nadat hy verby die vierkant is en beweeg reguit vorentoe.
- Die tweede laaste klaskamer op sy linkerkant is sy klaskamer.

Skryf die leerder se klaskamernommer neer. (2)

2.1.5 Gee EEN rede waarom Mimosa Avenue ontwerp is as 'n eenrigtingstraat. (2)

2.1.6 Bereken, as 'n persentasie, afgerand tot DRIE desimal plekke, die waarskeinlikhyd om 'n klaskamer te vind wat 'n deur aan die weste kant het. (4)

2.2 Leerders van Thuto Sekondêre Skool gebruik verskillende ververmiddels om by die skool te kom.

2.2.1 Solly, een van die leerders, lê 12 km in 60 minute af om by die skool te kom.

Bereken, in meters per minuut (**m/min**) Solly se gemiddelde spoed.

Jy mag die formule gebruik: **Afstand = Gemiddelde spoed × Tyd** (4)

2.2.2 Gebruik Solly se gemiddelde spoed van VRAAG 2.2.1 om te bepaal of hy geloop het of 'n ander manier van vervoer gebruik het. Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

[24]


VRAAG 3

3.1

Qhubeka Liefdadigheidsorganisasie skenk 127 fietse aan al die leerders van Thuto Sekondêre Skool wat langer as 1 uur elke dag skool toe loop.

‘n Tweede organisasie voorsien staanplekke vir die 127 fietse.

Fiets
staanplekk



Die reghoekige vloeroppervlakte wat benodig word vir die parkering van die fietse, word bereken deur die volgende in ag te neem:

- Elke fiets is 180 cm lank en 45 cm wyd.
- ‘n Addisionele spasie van $0,5 \text{ m}^2$ per fiets word benodig vir die vrye beweging rondom die staanplekke.

Gebruik die inligting hierbo on die vrae wat volg, te beantwoord.

3.1.1 Bereken die oppervlakte van 1 fiets, in m^2 .

Jy mag die formule gebruik: **Oppervlakte van ‘n fiets = lengte $\times$ breedte** (3)

3.1.2 Die totale vloeroppervlakte vir die 127 fietse is $166,37 \text{ m}^2$.

Verifieer, deur ALLE berekeninge te toon, hoe die vloeroppervlakte bereken is. (4)

- 3.2 Die Ouerkomitee van Thuto Sekondêre Skool besluit om die vloeroppervlakte, waar die leerders hul fietse parkeer, te plavei. Hulle sal plaveiselstene gebruik soos die een hieronder getoon:

INLIGTING OOR DIE STENE	DIE STEEN	PALLET VAN STENE
Hoeveelheid stene per 1 m^2 : 48 Plaveiselstene word verkoop in palette van 594. Gewig van 1 steen: 2,230 kg		

- 3.2.1 Die Ouerkomitee sal 'n ekstra 5% stene koop vir die vermorsing en breek van stene.

Bereken die totale hoeveelheid stene wat die Ouerkomitee sal koop om die vloeroppervlakte waar die fietse parkeer te plavei. (5)

- 3.2.2 Bereken die hoeveelheid palette stene wat die Ouerkomitee moet koop. (3)


- 3.2.3 Bereken, korrek tot EEN desimal plek, die gewig in ton van al die stene wat benodig word.

WENK: 1 ton = 1 000 kg (4)

3.3

Die Ouerkomitee sal werkers van die omgewing gebruik om die vloeroppervlakte te plavei.

Die grafiek hieronder toon die verhouding tussen die hoeveelheid werkers wat hulle gebruik, en die tyd geneem om die plaveiprojek te voltooi.




Gebruik die grafiek hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 3.3.1 Identifiseer en verduidelik die tipe verhouding wat deur die grafiek voorgestel word. (3)
- 3.3.2 Bepaal die formule van die verhouding hierbo. (2)
- 3.3.3 Gebruik die formule in VRAAG 3.4.2 of ander maniere om **P**, die hoeveelheid dae wat dit 8 werkers gaan neem om die projek te voltooi te bereken. (2)

[26]

VRAAG 4

4.1 Hieronder is die instruksie diagram vir 'n staanlamp.



Gebruik die diagram hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

4.1.1 Verwys na DIAGRAM 4.

Gee die rigting waarin die moer gedraai moet word. (2)

4.1.2 Watter diagram word geassosieer met die instruksie: 'Verbind die staander met die basis?' (2)

4.1.3 Die werklike lengte van die staanlamp is 1,55 m.

Bereken, in cm, die lengte van die staanlamp in die diagram as die skaal 1 : 25 is. (3)

4.2

Peter werk vir 'n koeriermaatskappy in Rustenburg. Die maatskappy gaan haal pakkies, in bokse, van verskillende pakhuise reg oor die land en lewer dit binne 48 uur by kliënte af. Hieronder is die afmetings van 'n boks, wat afgelewer moet word.

AFMETINGS VAN 'N BOKS	DIE BOKS
Lengte: 340 mm Breedte: 325 mm Hoogte: 180 mm	

Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

4.2.1 Definieer die konsep *volume*. (2)

4.2.2 Bereken, in m^3 , die volume van die boks.

Jy mag die formule gebruik:

Volume van 'n boks = lengte $\times$ breedte $\times$ hoogte (3)

4.2.3 Peter bestuur 'n afleweringsvoertuig soos die een hieronder getoon:

AFMETINGS VAN DIE AFLEWERINGSVOERTUIG	DIE AFLEWERINGVOERTUIG
lengte: 1 700 mm breedte: 1 490 mm hoogte: 1 200 mm.	

Bereken die maksimum hoeveelheid bokse wat in die voertuig gepak kan word, as dit soos volg gepak word:

- die lengte van die boks word in die lengte van die voertuig gepak
 - die breedte van die boks word in die breedte van die voertuig gepak
 - en dan tot teenaan die dak gepak
- (6)

4.2.4 Peter laai 'n pakkie by die pakhuys om 14:50 op 30 Junie op en lewer die pakkie 08:15 op 2 Julie af.

Verifieer, deur ALLE berekeninge te toon, of hierdie aflewering binne die gespesifiseerde tyd van 48 uur gedoen is. (4)

4.3

Tshidi is 'n sokkerspeler, en sy is bekomerd oor haar gewig. Haar huidige LMI is $18,2 \text{ kg/m}^2$ met 'n lengte van 1,56 m.

Die tabel hieronder toon die gewigstatus teenoor die LMI intervale.

TABEL: GEWIGSTATUS VOLGENS LMI.

LMI OMVANG (in kg/m^2)	GEWIGSTATUS
Minder as 18,5	Ondergewig
Vanaf 18,5 – 24,9	Normalegewig
Vanaf 25 - 30	Oorgewig
Meer as 30	Vetsug

Gebruik die inligting hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

4.3.1 Skruf die akroniem LMI volledig uit. (2)

4.3.2 Gee Tshidi se huidige gewigstatus. (2)

4.3.3 Bereken Tshidi se huidige gewig.

Jy mag die formule gebruik: $\text{LMI} = \frac{\text{Gewig in kg}}{(\text{lengte in m})^2}$ (3)


4.3.4 Gee advies aan Tshidi oor hoe sy haar gewigstatus kan verbeter. (2)
[31]

TOTAAL: 100

BYLAAG

VRAAG 2.1

UITLEGPLAN VAN THUTO SEKONDÊRE SKOOL





education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINCIAL ASSESSMENT/ PROVINSIALE ASSESSERING

GRADE/GRAAD 11

MATHEMATICAL LITERACY P2 WISKUNDIGE GELETTERDHEID V2

NOVEMBER 2024
MARKING GUIDELINES/ NASIENRIGLYNE

MARKS/PUNTE: 100

Symbol/Kode	Explanation/Verduideliking
M	Method/Metode
MA	Method with accuracy/Metode met akkuraatheid
MCA	Method with consistent accuracy/Metode met volgehoue akkuraatheid
CA	Consistent accuracy/Volgehoue akkuraatheid
A	Accuracy/Akkuraatheid
C	Conversion/Herleiding
S	Simplification /Vereenvoudiging
RT	Reading from a table/a graph/document/diagram/Lees vanaf tabel/grafiek/document/diagram
SF	Correct substitution in a formula/Korrekte vervanging in formule
O	Opinion/Explanation/Reasoning/Opinie/Verduideliking/Redenasie
P	Penalty, e.g. for no units, incorrect rounding off, etc./Penalisasie, bv. vir geen eenhede/verkeerde afronding, ens.
R	
NP	
AO	

The



Testpapers.co.za

2.

NOTE:

- If a candidate answers a question TWICE, only mark the FIRST attempt.
- If a candidate has crossed out (cancelled) an attempt to a question and NOT redone the solution, mark the crossed out (cancelled) version.
- Consistent accuracy (CA) applies in ALL aspects of the marking guidelines; however, it stops at the second calculation error.
- NOTE: consistent accuracy (CA) does not apply in cases of a breakdown.
- If the candidate presents any extra solution when reading from a graph, table, layout plan and map, then penalize for every extra item presented.
- As a general marking principle, if a candidate has incurred one mistake and there is evidence of sound mathematics thereafter, then that candidate should lose one mark only.
- Rounding is an independent mark.
- In opinion type questions marks will only be awarded if relevant calculations are shown.

LET WEL:

- As 'n kandidaat 'n vraag TWEE KEER beantwoord, sien slegs die EERSTE poging na.
- As 'n kandidaat 'n antwoord van 'n vraag doodtrek (kanselleer) en nie oordoen nie, sien die doodgetrekte (gekanselleerde) poging na.
- Volgehoue akkuraatheid (CA) word in ALLE aspekte van die nasienriglyne toegepas, dit hou op by die tweede berekeningsfout.
- LET WEL: volgehoue akkuraatheid (CA) geld nie in die geval van 'n afbreuk nie.
- Wanneer 'n kandidaat aflesings vanaf 'n grafiek, tabel, uitlegplan en kaart geneem en ekstra antwoorde gee, penaliseer vir elke ekstra item.
- 'n Algemene nasienbeginsel is dat indien 'n kandidaat een fout maak en daarna voortgaan met korrekte wiskunde, dat die kandidaat slegs een punt verloor.
- Afronding tel as 'n afsonderlike punt.
- Ten einde die verifikasie/gevolgtrekking punt toe te ken moes die kandidaat ten minste een punt gekry het in die berekeninge wat lei tot die finale gevolgtrekking.

QUESTION 1/VRAAG [19 MARKS/PUNTE] Answer only AO – full marks			
Q/V	Solution/Oplossing	Explanation/Verduideliking	T/L
1.1.1 (a)	Thermometer/ <i>Termometer</i> ✓✓A	2A answer/ <i>antwoord</i> (2)	M L1 E
(b)	The degree of hotness or coldness of a substance/ <i>Die grade van hoe warm of koud 'n voorwerp is</i> ✓✓A	2A answer/ <i>antwoord</i> (2)	M L1 E
(c)	43 °C✓✓A	2A answer/ <i>antwoord</i> (2)	M L1 E
1.1.2	400 ml✓RT 0,4 litres/ <i>liters</i> ✓A	1RT correct reading/ <i>korrek geles</i> 1CA conversion/ <i>herleiding</i> (2)	M L1 E
1.1.3	Distance/ <i>Afstand</i> = 9,7 cm – 2,9 cm✓RT = 6,8 cm✓CA = 68 mm✓C	1RT reading from the diagram <i>/lees vanaf die diagram</i> 1CA answer/ <i>antwoord</i> 1C conversion/ <i>herleiding</i>	M L1 M

	OR/OF Distance/ <i>Afstand</i> = 97 mm – 29 mm✓RT✓C = 68 mm✓CA	OR/OF 1RT reading values/ <i>lees waardes</i> 1C conversion/ <i>herleiding</i> 1CA answer// <i>antwoord</i> (3)	
1.2.1	Strip Chart/map/ <i>Strookkaart</i> ✓✓A	2A answer/ <i>antwoord</i> (2)	MP L1 E
1.2.2	Distance/ <i>Afstand</i> = 117 km✓✓RT OR/OF Distance/ <i>Afstand</i> = 557 km – 440 km✓RT = 117 km✓A	2RT reading from the map/ <i>lees vanaf kaart</i> OR/OF 1RT read and subtraction/ <i>lees en aftrek</i> 1A answer/ <i>antwoord</i> (2)	MP L1 M
1.2.3	Escourt✓✓RT	2RT reading from the map/ <i>lees Vanaf kaart</i> (2)	MP L1 E
1.2.4	5 towns/ <i>dorpe</i> ✓✓RT Accept 6 towns/aanvaar 6 dorpe	2RT reading from the map/ <i>lees Vanaf kaart</i> (2)	MP L1 E
		[19]	

QUESTION/VRAAG 2 [24 MARKS/PUNTE]			
2.1.1	Food/Kitchen/ <i>Kos/kombuis</i> ✓✓RT	2RT answer/ <i>antwoord</i> (2)	MP L1 E
2.1.2	South/ <i>Suid</i> (S) ✓A and/en East/ <i>Oos</i> (E)✓A OR/OF Southern/ <i>Suidelik</i> and/en Eastern/ <i>Oostelik</i>	1A South/ <i>Suid</i> 1A East/ <i>Oos</i> (2)	MP L2 E
2.1.3 (a)	37✓RT and/en 38✓RT	1RT room/ <i>kamer</i> 37 1RT room/ <i>kamer</i> 38 (2)	MP L2 E
(b)	The rooms are close to the corner✓A of Mimosa✓RT and Flower Street✓RT/ <i>Die klaskamers is naby die hoek✓A van Mimosa ✓RT en Flower Straat✓RT</i> OR/OF Adjacent/next to corner of Mimosa and Flower Street <i>Op/langs die hoek van Mimosa en Flower straat</i>	1A corner/adjacent/next to <i>/hoek van/langs aan</i> 1RT Mimosa 1RT Flower (3)	MP L3 M

Please turn over/*Blaai om asseblief*

3.2.3	Mass/gewig = $8\,386 \times 2,230$ kg✓MCA	CA number of bricks from	
QUESTION/VRAAG 3 (20 MARKS/PUNTE)	$= 18\,700,78 \div 1\,000$	/hoeveelheid stene van 3.2.1	
		1MCA multiplying/	M
3.1.1	Area of 1 bicycle/oppervlakte van 1 fiets $= 180\text{ cm} \times 45\text{ cm}$ ✓R $= 1,8\text{ m} \times 0,45\text{ m}$ ✓C $= 0,81\text{ m}^2$ ✓CA	1SF substitution/vervanging 1CA simplification/vermenigvuldiging 1CA simplification/vermenigvuldiging 1C conversion/herleiding 1R rounding/afrondding	M M M (4)
3.3.1	Indirect/Inverse proportion/Indirekte/Omgekeerde $= 180\text{ cm} \times 45\text{ cm}$ ✓SF As one quantity increases, the other one decreases/As een hoeveelheid toeneemt, neem die ander een af✓✓O	1SF substitution/vervanging 1CA simplification/ 2O explanation/verduideliking 1C conversion/herleiding	M L1 E (3)
3.3.2	Number of days = 30 ✓RT ÷ number of people✓A <i>/ Hoeveelheid dae = $30 \div$ hoeveelheid mense</i>	1RT 30 1A divided by number of	M L2
3.1.2	Total floor area/Totale vloer oppervlakte $= 0,81\text{ m}^2 + 0,5\text{ m}^2$ ✓MCA <i>OR/OF</i> $= 1,31\text{ m}^2$ ✓CA Number of days × number of people✓ = 30 ✓ <i>Hoeveelheid dae × hoeveelheid mense = 30</i> $127\text{ bicycles/fietse} \times 1,31\text{ m}^2$ ✓MCA $= 166,37\text{ m}^2$ The statement is correct/Die stelling is korrek.✓O	CA formula from/vanaf 3.1.1 1MCA adding additional space <i>hoeveelheid mense</i> OR/OF 1RT 30 1A simplification/ 1A number of days multiplied by number of people/maal <i>hoeveelheid dae maal met</i> <i>hoeveelheid mense</i> 1O opinion/opinie	M L4 M (2)
3.3.3	1 m^2 need/benodig 48 bricks/stene $166,37\text{ m}^2$ needs/benodig ? Number of bricks/Hoeveelheid stene = $3,75$ days/dae✓CA $= 48 \times 166,37$ ✓MA $= 7\,985,76$ ✓A Increase by 5%/verhoog met 5% $= 7\,985,76 \times 1,05$ ✓MCA	CA formula from/vanaf 3.3.2 1MCA multiplying/ 1MCA substitution/trek af 8 vermenigvuldig 1A number of bricks/ hoeveelheid stene 1MCA increase percentage/ verhoogde persentasie	M M E3 D (2) (26)
QUESTION/VRAAG 4 (31 MARKS/PUNTE)	Solution/Oplissing	Explanation/Verduideliking	T/L
4.1.1	Anti-clockwise/Anti-kloksgewys OR/OF Left/Links✓✓A	1A direction/rigting 1R rounding/afrondding	MP L1 E (5) (2)
4.1.2	Diagram 3✓✓A	2A correct/korrekte diagram	MP L2 E (2)
4.1.3	$1,55\text{ m} =$ diagram height/hoogte $\times 25$ Diagram height/hoogte = $1,55\text{ m} \div 25$ ✓MA $= 0,062\text{ m}$ ✓A $= 6,2\text{ cm}$ ✓C OR/OF $1,55\text{ m} = 155\text{ cm}$ ✓C $155\text{ cm} \div 25$ ✓MA $= 6,2\text{ cm}$ ✓A	1MA divide by scale/deël met skaal 1A length/lengte in m 1C conversion/herleiding OR/OF 1C conversion/ herleiding 1MA dividing by scale/deël met skaal 1A length/ lengte	MP L2 M (3)

4.2.1	Space occupied by a 3D object/ <i>Spasie wat deur 'n 3D voorwerp opgeneem word</i> ✓✓A	2A answer/ <i>antwoord</i> (2)	M L1 E
4.2.2	Volume = $340 \text{ mm} \times 325 \text{ mm} \times 180 \text{ mm}$✓SF $= 0,34 \text{ m} \times 0,325 \text{ m} \times 0,18 \text{ m}$✓C $= 0,01989 \text{ m}^3$✓CA OR/OF Volume of the box/<i>volume van die boks</i> $= 340 \text{ mm} \times 325 \text{ mm} \times 180 \text{ mm}$✓SF $= 19\,890\,000 \text{ mm}^3 \div 1\,000\,000\,000$✓CA $= 0,01989 \text{ m}^3$✓C	1C conversion/<i>herleiding</i> 1SF substitution/<i>vervanging</i> 1CA simplification/<i>vereenvoudiging</i> NPR (3)	M L2 M
4.2.3	Number of boxes/<i>Hoeveelheid bokse</i>: Length wise/<i>Lengte</i> = $1\,700 \text{ mm} \div 340 \text{ mm}$✓MA $= 5$✓A Width wise/<i>Breedte</i> = $1\,490 \text{ mm} \div 325 \text{ mm}$ $= 4,584615385$ $= 4$✓A Height wise/<i>Hoogte</i> = $1\,200 \text{ mm} \div 180 \text{ mm}$ $= 6,6666667$ $= 6$✓A Total/<i>Totaal</i> = $5 \times 4 \times 6$✓MCA $= 120 \text{ boxes/bokse}$✓CA OR/OF Length wise/<i>lengte</i>: $1,7 \text{ m} \div 0,34 \text{ m}$✓MA = 5✓A Width wise/<i>breedte</i>: $1,49 \text{ m} \div 0,325 \text{ m} = 4,584615...$ $= 4$✓A Height wise/<i>hoogte</i>: $1,2 \text{ m} \div 0,18 \text{ m} = 6,666...$ $= 6$✓A Total/<i>totaal</i> = $5 \times 4 \times 6$✓MCA $= 120 \text{ boxes}$✓CA	1MA dividing/<i>deë</i>/ 1A answer/<i>antwoord</i> 1A number width wise/ <i>hoeveelheid in breedte</i> 1A number height wise/ <i>hoeveelheid in hoogte</i> 1MCA multiplying/ <i>vermenigvuldig</i> 1CA number of boxes/ <i>hoeveelheid bokse</i> (6)	MP L3 D
4.2.4	30 June from 14:50 to 24:00 = 9 hours 10 min✓A <i>30 Junie van 14:50 tot 24:00 = 9 uur 10 min</i> 1 July = 24 hours <i>1 Julie = 24 uur</i> 2 July from 00:00 to 8:15 = 8 h 15 min <i>2 Julie van 00:00 tot 8:15 = 8 h 15 min</i> } ✓A Total elapsed time = $9\text{h}10 + 24\text{h}00 + 8\text{h}15$ $= 41 \text{ hours } 25 \text{ min}$✓CA <i>Totale tyd verloop = 41 uur 25 min</i> This is within the 48-hour service✓O <i>Dit is binne die 48-uur diens</i> OR/OF	1A time 30 June/<i>tyd 30 Junie</i> 1A time 1 and 2 July/<i>tyd 1 en 2 Julie</i> 1CA adding time/<i>tel tyd bymekaar</i> 1O opinion/<i>opinie</i> OR/OF	M L4 D

	30 June from 14:50 To 1 July 14:50 = 24 hours/ first day✓ A <i>/30 Junie van 14:50</i> <i>Tot 1 Julie 14:50 = 24 uur/ dag 1</i> To 2 July 14:50 = 48 hours/second day✓ A <i>Tot 2 Julie 14:50 = 48 ure / dag 2</i> But 2 July 8:15 is before 48 hours✓ A <i>Maar 2 Julie 8:15 is voor 48 uur</i> It is within 48 hours✓ O <i>Dit is binne 48 uur</i>	1A 1st day/<i>dag 1</i> 1A 2nd day/<i>dag 2</i> 1A conclusion/<i>gevolgtrekking</i> 1O conclusion/<i>gevolgtrekking</i> (4)	
4.3.1	Body Mass Index/ <i>Liggaamsmassa-indeks</i> ✓✓ ^A	2A answer/ <i>antwoord</i> (2)	M L1 E
4.3.2	Underweight/ <i>Ondergewig</i> ✓✓RT	2RT answer/ <i>antwoord</i> (2)	M L2 E
4.3.3	$18,2 \text{ kg/m}^2 = \text{mass/gewig} \div (1,56 \text{ m})^2$ ✓SF Mass/gewig = $18,2 \times (1,56)^2$ ✓M = 44,29 kg✓ A	1SF substitution/<i>vervanging</i> 1M changing the subject of the formula/<i>verander die</i> <i>onderwerp van die formule</i> 1A simplification/ <i>vereenvoudiging</i> NPR (3)	M L2 M
4.3.4	Eat a balanced diet/<i>Eet 'n gebalenseerde dieët</i> OR/OF eat food with lots of fibre/fats/<i>eet kos met baie</i> <i>vessel/ vette</i> OR/OF eat food that will assist her to gain weight/<i>eet kos wat sal help om gewig op te tel</i>✓✓O	2O opinion/<i>opinie</i> (2)	M L4 E
		[31]	
		TOTAL/TOTAAL:	100